

KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 150 30 November 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Geduld het 'n gesig

"Kom my kind, nog een happie", se geduldige aanmoediging word beantwoord met die "nee" se astrante veeg wat die kos sekuur deur die lug laat vlieg en ploffend teen die skoon laai te lande laat kom. Die ma kan geduldig weer probeer of rooi sien en moeg-gepraat ontplof. In die daaglikse verkeer is motoriste verbasend gou om stoom af te blaas oor al die onbehandige bestuurders op die pad. Vreemd dat dieselfde oortredings op die platteland met baie meer geduld hanteer word. Of is dit so vreemd?

Dit is waar dat geduld aan die hand van baie veranderlikes meer of minder kan wees en kan word. Dit gaan oor baie meer as net geaardheid. Faktore wat bydra, is sake soos die persoon se bloedsuikervlakke, die persoon se vlakke van spanning, die frekwensie van die oortreding en die persoon wat oortree.

Dit is veral laasgenoemde faktor wat nie onderskat mag word nie. Die vernis van ordentlikheid bepaal vele van die hoflikheidsrituele wat ons sosiale interaksie lei. By die huis kom die vernis af. Tóg tree ons steeds met groot geduld op binne die intieme ruimte van die gesin. Wat maak

mense op die platteland, en gesinslede oor die algemeen meer geduldig met mekaar? Het dit miskien te make met die gesig van die oortreder?

Elke wolkie stoom wat jy afblaas, gaan môre onthou word. In die naamlose verstikking van die stad is elke gal-afgaan roet spikkels in die wind. Môre is jy dalk self die onbehandige bestuurder of bevestig iemand se optrede jou ongeduld.

Op die platteland ken almal mekaar. Sondag moet jy saam kategese hanteer met daardie so-en-so wat nie sy pad uit 'n dubbel garage met oop deure kon vind nie. Die slakke-kruier is die rolbal 'skip' en die onnadenkende parkeerplek-dief maak die brug-viertal vol of moet nog die spankeuses vir die eerste span finaliseer. Ons ken elke gesig. Dit is asof ons net meer geduld het met diegene wat ons ken. Nie noodwendig omdat ons iets nodig het nie. Net omdat ons die lewenspad deel.

So is dit ook waar in die gesinsverband. Ons het net meer geduld met familie omdat hulle familie is. Ons weet dat ons nog lank met mekaar kontak sal hou. Ons gaan saam eet en saam huil. Juis die vooruitsig wat die gesig voor jou inhou, maak jou meer geduldig met daardie persoon.

Dit is dalk goed om dit in gedagte te hou so kort voor die vakansie. Die lewe raak 'n

gejaag na wind. Ons moet al hoe meer doen in 'n era waar ons uurglas skynbaar konstant sand verloor. Tyd se stroomversneller ontsien nie eens familie nie. Nou is die tyd wanneer ons maklik rooi sien. Fokus op take en tyd kan maak dat alles voor ons 'n gesiglose anonieme bedreiging word.

Baie van ons gaan reis na vakansie bestemmings. Heerlike familie saamtrenke gevul met intriges skuil agter die bossies, nes daardie spoedvalk wat pret bederf. Ons gaan die pad deel met ander mense wat anoniem verbyvliet. Hoe gaan ons reis en vertoef wees? Die kinders (van alle ouderdomme) gaan uitbundig wees en grense toets. Trek daardie handrem op en rat terug tot by die spoed wat ons nog elkeen se gesig kan raaksien. Ons is saam op dieselfde rit. Bitter min van die globaliste se woorde is in die kol, maar die gedagte van die wêreld as 'n wêrelddorpie (global village) kan net maak dat ons elkeen se gesig raaksien. Sien mekaar raak, sien die gesig van die mens. *Ecce homo* - (Vulgaat - Latyn vertaling), "daar is die mens" (Johannes 19:5) is immers deel van die Christusfees se boodskap.

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert

by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

WANNEER ONS DAN BID

Die artikels wat die "Onse Vader" verklaar (soos in Die Skietlood gepubliseer) is verwerk na 'n handige boek. Dit sal gelowiges begelei in hul gebedslewe en kan dien as handige instrument vir Bybelstudie. Vir meer besonderhede en bestellings kontak Dr Otto by

johan.otto@geloofsbond.org.za

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

Villa Stoney

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Januarie 2019 - Januarie 2020

Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My
toe kom, sal nooit weer honger wees nie.

LEWENS
BROOD

2019



**LEWENS
BROOD**
- Geloofsgraan vir elke dag

U sal eersdaag u
bestellings ontvang